

Aan: Die munisipale bestuurder
Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit

Datum: 20 April 2026

In re: Onpadwaardige munisipale vragmotors en die dringende noodsaak vir optrede

Geagte Obakeng Isaacs

Dit het onder die aandag van die Kakamas Belangegroep gekom dat sekere vragmotors van die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit na bewering onpadwaardig is en steeds in gebruik is.

Indien dit korrek is, is die situasie ernstig. Die gebruik van onpadwaardige voertuie stel nie net munisipale werkers in gevaar nie, maar ook ander padgebruikers en lede van die publiek. Geen werknemer behoort verplig te word om 'n voertuig te bestuur wat nie aan basiese padwaardigheidsvereistes voldoen nie.

Die posisie is des te meer kommerwekkend omdat die munisipaliteit self 'n openbare gesag is wat, ingevolge toepaslike nasionale wetgewing, veronderstel is om by te dra tot die handhawing van verkeer- en veiligheidsvereistes. Dit skep 'n onhoudbare en ironiese toestand indien die munisipaliteit, terwyl dit die nakoming van die reg van inwoners verwag, self voertuie in gebruik hou wat na bewering nie aan daardie vereistes voldoen nie.

Daarby het onpadwaardige munisipale voertuie ook breër praktiese gevolge vir dienslewering. Waar voertuie nie betroubaar of veilig funksioneer nie, lei dit onvermydelik tot onderbrekings in munisipale werk, vertraging in noodherstelwerk, en verdere druk op reeds gebrekkige dienslewering. In 'n munisipale omgewing waar infrastruktuur reeds gereeld noodintervensies vereis, is dit vanselfsprekend dat voertuig-onbetroubaarheid die situasie verder versleg. Dit verhoog ook instandhoudings- en herstelkoste op die lang duur; 'n besonder ernstige oorweging in 'n munisipaliteit waarvan die finansiële posisie reeds onder druk is.

Die Belangegroep beskou hierdie aangeleentheid daarom in 'n ernstige lig en versoek dringende optrede van die munisipaliteit. In die besonder versoek ons dat:

1. alle munisipale vragmotors en ander swaar voertuie onverwyld aan 'n behoorlike padwaardigheid- en veiligheidsinspeksie onderwerp word en instaan-voertuie georganiseer word om onderbrekings in dienslewering te verhoed;
2. enige voertuig wat nie padwaardig is nie, onmiddellik uit diens onttrek word totdat die nodige herstelwerk afgehandel en behoorlik geverifieer is; en
3. die munisipaliteit die nodige stappe doen om te verseker dat geen werknemer of lid van die publiek aan vermybare risiko blootgestel word nie.

Ons versoek ook dat u hierdie saak met die nodige dringendheid hanteer en die Belangegroep skriftelik in kennis stel van die stappe wat geneem is of geneem sal word.

Die belang van openbare veiligheid, wetlike nakoming en volhoubare dienslewering laat geen ruimte vir versuim op hierdie punt nie.

Die uwe



Jaco Visser
Voorsitter: Kakamas Belangegroep
+27 72 235 5419